

Beste Lid



U voordeelstaat is nou vir u beskikbaar om van die Fonds se beveiligde ledeportaal op die Fonds se webwerf, of van die selfoontoep InTouch by Verso, af te laai.

Klik asseblief ***hier*** om op die ledeportaal te registreer. Klik asseblief ***hier*** vir instruksies oor hoe om die selfoontoep af te laai.



Voordeelstaat

U voordeelstaat word jaarliks ná die Fonds se jaareinde uitgereik, en dit gee u die geleentheid om na te gaan in watter mate u nog op koers is met u aftreespaarfondse.

Dit is 'n baie belangrike dokument, omdat dit vir u besonderhede van die groei in u lidbelang oor die afgelope jaar gee, asook inligting met betrekking tot die risikovoordele wat u gekies het.

Die voordeelstaate is soos op 30 Junie 2026 of 31 Julie 2026 opgestel. Besonderhede met betrekking tot die beleggingsprestasie en -waardes ná hierdie twee datums, is dus nie by hierdie voordeelstaat ingesluit nie.

Video

Ons het 'n verduidelikende video op die Fonds se webwerf beskikbaar gestel om u deur u voordeelstaat te lei. Klik asseblief ***hier*** of gaan na "Videos/Fund Videos". Ons moedig u aan om hierdie video te kyk, want dit sal u help om u voordeelstaat en u aftreespaargeld beter te verstaan.





Begunstigdebenoemingsvorm

Onthou asseblief om u vertroulike begunstigde-benoemingsvorm vir die Fonds en die begunstigde-benoemingsvorm vir die Begrafnisvoordeel by te werk en altyd **albei** op datum te hou.

Trustees: Mnr A du Plessis (Voorsitter) | Mev M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Mnr SF du Toit | Adv CJ Franken | Mnr J Lawack | Rdh WR Meiring | Mev SLC Petersen | Rdh S Philander
Hoofbeampte: Mev IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei | 7536 | Belmont Office Park | Twiststraat | Bellville | 7530
WhatsApp 076 073 0997 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | E-pos support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za | https://www.facebook.com/LARetirementFund | Fondsregistrasienommer 12/8/1278